Die PWDC Bestuur raai alle duiweboere ten sterkste af, om binne ‘n 20 km radius vanaf Lanseria, of O R Tambo duiwe te los, en duiweboere word ten sterkste aangeraai om deurlopend te poog om enige ander lughawe te vermy aangesien dit tot mense se lewens verlies kan lei .

Sien asb. die epos hieronder wat vanaf Johan Boshoff van die O.R. Tambo Lughawe ontvang is

From: Johan Boshoff [mailto:JohanBoshoff@flysaa.com]
Sent: 07 August 2013 08:59 AM

More Willem

Baie dankie vir jou terugvoering.
Die mees onlangse insident het in Kaapstad plaas gevind met Singapore Airlines wat lyk my drie duiwe ingesuig het. Afgesien van die skade wat dit aan die enjins doen, een stel van die lemme beloop regtig miljoene, is daar ook die gevaar van “aborted take-offs waar bande bars” en dan wil ek nie eers dink aan ongelukke nie..

Willem ek werk by Airways Park en kom elke onggend so tussen 06h40 en 07h00 op die hoofweg verby die lughawe en ek kry gereeld ‘n pak duiwe, dan praat ek van ‘n groot pak, wat laag oor die lughawe kom en in die rigting van Pretoria trek. Die ouens maak vroeg oggend in die omgewing van East Rand Mall en ook daar by die Boksburg “SEE” oop. Ongelukkig is dit die besigste tyd van die dag op die Lughawe, vroeg oggend vlugte wat uitgaan na Kaapstad, Durban, PE en Oos London en dan ook die oor grens vlugte na plekke soos Lilongwe, Nairobi, Dar-Es-Salaam, Entebbe, Maputo om maar net ‘n paar te noem. Dan is daar die groot masjiene wat van oor die hele wereld inkom om te land, twee van SAA vanaf London, dan ook nog British Airways en Virgin Vanaf London, SAA en Lufthansa vanaf Frankfurt, Air France vanaf Parys en so hou die lys aan en aan. So ja dit is baie groot moeilikheid soek om dan naby of in die omgewing van die Lughawe te los. Die ouens moet ten minste 15 – 20 km weg vanaf die Lughawe wees voor hulle duiwe oop maak.

My grootste bekommernis is dat daar al van 2010 af ernstige probleme ontstaan het en ek is so bang dat die manne die CAA (Civil Aviaition Authorities) nader en aansoek doen vir wetgewing om duiwe binne ‘n sekere radius (ek het al gehoor van 20 na 35 km) vanaf enige lughawe te verban. Kan jy jou indink wat die gevolge vir die duiweboer sal wees. Ek dink die hele Oos Rand (Kempton, Edenvale, Boksburg , Benoni, Alberton) en nog vele meer sal geraak word, dan praat ons nie van PE, Oos London, Durban, Bloemfontein, Kaapstad en daai plekke nie.

Net ter inligting, Die “East Rand Mall en Boksburg SEE” is reg aan die einde van die “Threshold” (hou punt) van Aanloopbaan 03 R (regs). Dit is die rigting waarvandaan die vliegtuie land of opstyg. Ek is seker van die duiweboere het al gesien hoe laag die vliegtuie daar inkom of uitgaan. Dit is dan ook van die mees kritieke tye van die vlug aangesien dit dan op die maksimum krag van die masjiene gebruik en staatmaak, dus werk daai masjiene teen masiewe revolusies. Ek dink in die omgewing van 30 000 omwentelinge per minuut en 30 to 50 duisend pond stu krag, so dit is groot suig en stu krag en die duiwe staan nie ‘n kans om daai suig of stu krag te vermy nie. Dit is net eenvoudig te sterk en dan kan jy jouself voorstel die “BLAST” van daai masjiene, so voor of agter, die duif staan nie ‘n kans nie en gewoonlik is dit man se beste duiwe wat voor vlieg en dan so “verdwyn’ en jy is dan onder die indruk dit was ‘n swak duif.

Ons moet maar probeer dat die manne verstaan en wegbly van enige lughawens af, dit is net tot voordeel van almal, die Lugvaart, die duiweboer en die duif.

Ek wens regtig die ouens wil hul samewerking gee. Jy weet huidiglik praat ons van insidente (daar was skade sonder lewens verlies en dit is raporteer) maar ongelukke (dan is daar lewensverlies) wil ek nie eers aan dink nie.

Hoop julle kan van jul kant af die gevaar en die nagevolge aan die ouens verduidelik. Dit maak dinge vir ons manne hier aan die Oos Rand baie ongemaklik en warm.

Groetnis en lekker dag, hou daai duiwe reg.

Johan
Johan Boshoff | Teamleader Flight Dispatch | Flight Dispatch